basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2010**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Kyk- en leesbegrip | VRAAG 1 – 3 | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | VRAAG 4 | (10) |
| AFDELING C: | Taal | VRAAG 5 – 8 | (60) |
| AFDELING D: | Letterkunde | VRAAG 9 – 12 | (20) |

2. Lees ALLE instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Trek ’n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### VRAAG 1: INLIGTINGSTUK

Lees die leesstuk hieronder en beantwoord die vrae.

**SIPHO NGWENYA**



1. Sipho Ngwenya is in Kimberley gebore. Hy is die seun van 'n gewone man wat in 'n diamantmyn werk. Hy speel die rol van Ajax in *Generations*, 'n sepie wat daagliks om 20:00 op SABC 1 uitgesaai word. Behalwe dat hy 'n akteur is, is hy ook 'n hip-hop-musikant en omroeper vir jeugprogramme op TV. Hy hou baie van krieket en sokker en wou graag 'n professionele krieket- of sokkerspeler gewees het.

2. Alhoewel Sipho 'n bekende figuur op TV is, het hy ook vrese. Min mense weet dat Sipho doodbang vir slange is. "Hulle is grillerig en giftig," sê hy. Alhoewel hy nog nie deur 'n slang gebyt is nie, sal hy nooit naby 'n slang kom nie.

3. Om weg te kom van sy besige dag, ontspan hy voor die televisie. Hy hou daarvan om na sport en aksiefilms te kyk. Hy kyk nie graag sepies nie, net soms kyk hy na *Isidingo*. Hy hou ook van lekker kos, veral Italiaanse kos. Sy gunstelingrestaurant is Giovanni's, want hy dink hulle maak die beste Italiaanse disse.

4. Hy hou baie van Mauritius as 'n vakansieplek. Dit is vir hom 'n heerlike plek om heen te gaan en uit die stad te kom. Hy sê: "Daar is net genoeg om te doen en niemand daar ken vir Ajax nie."

[Verwerk uit: *Beeld-Leefstyl*, 5 Mei 2010]

1.1 Waar is Sipho gebore? (1)

1.2 Wat is sy naam in *Generations*? (1)

1.3 Noem EEN ander werk wat hy doen, behalwe om akteur te wees. (1)

1.4 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies.

Kimberley word ook die ... -stad genoem.

A musiek
B krieket
C diamant
D sokker (1)

1.5 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies.

Sipho sal nooit naby ŉ slang kom nie, omdat hy ...

A ŉ bietjie bang vir slange is.
B al deur ŉ slang gebyt is.
C doodbang vir slange is.
D nagmerries oor slange kry. (1)

1.6 1.6.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Sipho hou van sepies. (1)

1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1 hierbo deur ŉ sinsdeel uit die stuk aan te haal. (1)

1.7 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.7.1 – 1.7.5) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.7.1 | Sy vakansieplek | A | sokker |
| 1.7.2 | Die plek waar hy eet | B | TV kyk |
| 1.7.3 | So ontspan hy | C | Giovanni's |
| 1.7.4 | Hy hou van die sportsoort | D | Italiaanse kos |
| 1.7.5 | Sy beste dis | E | Mauritius |

(5 x 1) (5)

1.8 Dink jy dis maklik vir die seun van ŉ gewone werker om bekend te word? Motiveer jou antwoord in EEN sin. (1)

1.9 In die laaste sin sê Sipho: "... niemand daar ken vir Ajax nie."

Om watter TWEE redes dink jy dat dit vir hom lekker is dat hulle nie vir Ajax daar ken nie? (2)
**[15]**

## VRAAG 2: KOMPETISIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae.


- In die tydskrif *KUIER* verskyn die volgende kompetisie om 'n skoolbeurs te wen.

# WEN 'n SKOOLBEURS!

**R10 000** vir leerders in graad 1 tot 7
**R12 000** vir leerders in graad 8 tot 12

- **Het jy finansiële hulp nodig?**
- **Presteer jy goed in al jou vakke?**

**Jy kan 'n skoolbeurs wen deur vir die *KUIER*-beurskompetisie in te skryf.**



**SKRYF SÓ IN:**

Om in te skryf, moet die leerder self vir *KUIER* 'n motiveringsbrief van 250 – 300 woorde instuur. Daarin moet verduidelik word waarom die leerder vir dié beurs kwalifiseer en dit nodig het. Die skrywer van die beste motiveringsbrief is die wenner.

Die volgende besonderhede moet ook in die brief verskyn:

- Die leerder se volle name, ouderdom en graad in 2011
- Die skool en skoolhoof se naam en kontakbesonderhede
- Waarvoor die geld gebruik sal word (byvoorbeeld skoolgeld, ens.) en hoekom die leerder verdien om hierdie geld te kry
- Ouers se kontakbesonderhede

**BELANGRIKE INLIGTING**

Die sluitingsdatum is 8 Januarie 2011 en *KUIER* sal dan 'n kortlys van finaliste opstel.

**STUUR INSKRYWINGS AAN:**

*KUIER*-beurskompetisie
Heerengracht 1
Kaapstad
8000

OF

E-pos jou brief aan kuier@kuierinstyl.co.za duidelik gemerk as *KUIER*-beurskompetisie.

- *Vir meer inligting bel die KUIER-kantoornommer: 021 446 1009*

[Verwerk uit: *Kuier,* 3 Maart 2010]

2.1 Hoeveel geld kan ŉ leerder in graad 8 –12 in hierdie kompetisie wen? (1)

2.2 Kies die KORREKTE woord uit dié wat tussen hakies gegee word.

Die prysgeld vir ŉ leerder in graad 1 – 7 is (meer/minder) as die prysgeld vir ŉ leerder in graad 8 –12. (1)

2.3 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies.

Die mense wat vir die kompetisie kan inskryf, is leerders wat ...

A die skool verlaat het.
B in laer- en hoërskole is.
C in Kaapstad woon.
D swak presteer. (1)

2.4 Wat moet ŉ leerder doen om vir die kompetisie in te skryf? (1)

2.5 Sal jy vir die kompetisie kwalifiseer indien jy jou aansoek op 9 Januarie 2011 instuur?

Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

2.6 2.6.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Jy kan vir die kompetisie inskryf deur te sms. (1)

2.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.6.1. (1)

2.7 Waar is Heerengracht geleë? (1)

2.8 Dink jy die foto van die seuntjie is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)
**[9]**

**VRAAG 3: TV-GIDS**

Lees die TV-gids hieronder en beantwoord die vrae.

**H = herhaling**
**OL = ouerleiding**

| SABC 1 | SABC 2 | SABC 3 | e.tv |
|---|---|---|---|
| **10:00** ***Bakae*** | **08:30** ***Parliament: A view from the House*** | **10:00** ***Generations (H)*** | **10:00** ***3rd Degree*** |
| **14:00** ***Matric Uploaded*** | **14:14** ***Judge Mathis*** | **15:00** ***Krieket: ICC Twenty*** **20** Hoogtepunte | **14:30** ***Craz-e*** |
| **18:00** ***The Bold and the Beautiful*** Iemand probeer weer vir Rick doodmaak. | **18:00** ***La familia*** | **18:30** ***Isidingo*** Lolly gaan teen Rajesh se instruksie in. Sy publiseer haar eie storie oor die Barker-drama op die internet, maar dit pla nie vir Barker nie. | **18:30** ***Rhythm City (OL)*** S'bu sukkel om te aanvaar dat Gail op hom verlief kan wees. Lu erken aan Victoria dat Miles haar enigste liefde sal bly. |
| **19:30** ***Nuus*** | **19:30** ***Pasella*** | **19:30** ***Krieket: ICC Twenty 20*** Bangladesh teen Australië. | **19:30** ***Scandal! (OL)*** |
| **20:00** ***Generations*** | **20:30** ***Nuus*** | **23:00** ***Nuus*** | **20:00** ***AXN Action TV*** |

[Uit: *Beeld,* 5 Mei 2010]

3.1 Na watter program sal jy kyk as jy meer oor matriekvakke wil leer? (1)

3.2 Op watter kanaal word *Generations* herhaal? (1)

3.3 Kies die KORREKTE woord uit dié wat tussen hakies gegee word.

Die TV-gids beveel aan dat 'n kind saam met 'n (maat/ouer) na *Scandal* moet kyk. (1)

3.4 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies.

Liefde word in ... bespreek.


A *The Bold and the Beautiful*
B *Rhythm City*
C *3rd Degree*
D *Judge Mathis* (1)

3.5 Waarom is dit goed dat daar verskillende TV-kanale is? Gee TWEE redes. (2)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 4: LEEF ’n GESONDE LEWE.



- Som die WENKE oor hoe om gesond te leef, in JOU EIE SEWE VOLSINNE op.
- Skryf jou sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Jou opsomming moet ongeveer 60 woorde wees.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming neer.

## LEEF ’n GESONDE LEWE

**1. RUS**

Jy kan nie net werk nie. Slaap vir ses tot agt ure per nag. Dit gee jou liggaam genoeg kans om te rus.

**2. ENERGIE**

Eet daagliks ’n ontbyt wat baie proteïene en ’n vrug insluit vir onmiddellike energie. Mense wat nie ’n goeie ontbyt eet nie, is teen 10-uur al moeg.

**3. OEFEN**

Oorgewig is ’n groot probleem. Loop of hardloop ten minste drie kilometer per dag. Dit sal help om die vet in jou liggaam te verbrand. Dis beter om te oefen as om verslankingsprodukte te gebruik.

**4. ROOK – NEE!**

Rook is ’n slegte gewoonte en kan baie skade aanrig. As jy lank in die kamer saam met ander rokers is, kan jy ’n passiewe roker word. Die beste raad is om self nooit te begin rook nie.

**5. POSITIEF**

Dink elke dag positief oor jou werk. Dit laat jou goed voel en dit sal jou help om jou daaglikse take beter te doen. Jy mors energie deur negatief te dink.

**6. EIE TYD**

Sorg dat jy elke naweek ten minste vier ure bestee aan dinge waarvan jy hou. Dit kan dinge wees soos lees, tuinwerk of om na ’n mooi TV-program te kyk. Dit sorg vir balans in jou lewe.

**7. VOORKOMS**

Hoe jy lyk, is belangriker as wat jy dink. As jy mooi aantrek, sal dit jou dadelik goed laat voel. Moenie jou hare, vel en naels verwaarloos nie. Mooi klere aan ’n liggaam wat nie versorg is nie, help nie baie nie.


[Verwerk uit: *Rooi Rose,* April 2010]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C**

**VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.




[Uit: *ISOLEZWE*, 8 Februarie 2010]

- Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die KORREKTE antwoorde in die linkerkantste kolom te gee.
- Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer.
- Antwoorde op VRAAG 5.1 – 5.18 moet korrek gespel wees.

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Bongani se lewe is moeilik, maar hy het groot drome vir sy toekoms.* | | | |
| Bongani se lewe (5.1 op/in) die plaas is nie maklik nie. Sy lewe is (5.2 anders/ander) as dié van die kinders wat in die dorp woon. Hy (5.3 weet/ken) nie wat dit is om te ontspan nie. | 5.1<br>5.2<br><br>5.3 | Kies die KORREKTE voorsetsel.<br>Kies die KORREKTE antwoord.<br><br>Kies die KORREKTE antwoord. | (1)<br>(1)<br><br>(1) |
| Hy is in graad (5.4 fyf/vyf) en hy wil eendag (5.5 baie ryk) wees. Sy droom is om 'n mediese (5.6 dr.) te word. | 5.4<br>5.5<br>5.6 | Kies die KORREKTE spelling.<br>Gee die intensiewe vorm.<br>Skryf die afkorting voluit. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| Al die (5.7 onderwyseresse) op skool hou van Bongani, want hy is 'n (5.8 oulik) seun. Ook sy ouma wat vir (5.9 hy/hom) sorg, is baie trots op hom. | 5.7<br>5.8<br>5.9 | Gee die teenoorgestelde geslag.<br>Gee die KORREKTE vorm.<br>Kies die KORREKTE voornaamwoord. | (1)<br>(1)<br><br>(1) |
| Hy moet (5.10 elke dag) na skool water gaan haal. Hy maak twee (5.11 waterdrom) vol en stoot dit met 'n (5.12 kruiwa/karretjie) huis toe. Vir 'n klein (5.13 seun) soos Bongani is die pad te ver en lank. Sommige dae word hy (5.14 moër/moeër) as ander dae. | 5.10<br>5.11<br>5.12<br>5.13<br><br>5.14 | Gee EEN WOORD.<br>Gee die meervoud.<br>Kies die KORREKTE woord.<br>Gee die verkleiningsvorm.<br><br>Kies die KORREKTE woord. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1)<br><br>(1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Alhoewel Bongani se (5.15 lewe+pad) moeilik is, is hy gelukkig. Die breë glimlag op sy gesig (5.16 verwys/bewys) dat hy tog met die lewe tevrede is. | 5.15<br>5.16 | Gee EEN WOORD.<br>Kies die KORREKTE antwoord. | (1)<br>(1) |
| Bongani is ŉ (5.17 trots) Suid-Afrikaner wat geleer het om skouer aan die (5.18 band/wiel) te sit. | 5.17<br>5.18 | Gee die KORREKTE vorm.<br>Kies die KORREKTE woord om die idiomatiese uitdrukking te voltooi. | (1)<br>(1) |
| Dit sal hom (5.19 help/hulp) om eendag suksesvol te wees. | 5.19 | Kies die KORREKTE antwoord. | (1)<br>**[19]** |

## VRAAG 6: SINSTRUKTURE

Kyk na die spotprent en beantwoord die vrae.

In die spotprent hieronder is Mama kaMshana baie kwaad vir Oom, want sy dink dat Oom se selfoon baie elektrisiteit gebruik.




[Uit: *ISOLEZWE*, 8 Februarie 2010]

6.1 Skryf die sin in die verlede tyd.

Die hoë elektrisiteitsrekeninge gee mense baie probleme.
(Die hoë elektrisiteitsrekeninge ... mense baie probleme ...) (2)

6.2 Skryf die sin in die toekomende tyd.

Mama kaMshana gaan na die munisipaliteit toe.
(Môre ... Mama kaMshana na die munisipaliteit toe ...) (2)

Kopiereg voorbehou 

6.3 Skryf die sin in die indirekte rede.

Mama kaMshana sê vir die buurvrou: "Ek is kwaad oor die hoë elektrisiteits-rekening."
(Mama kaMshana sê vir die buurvrou dat ...) (2)

6.4 Verbind die sinne met die woord tussen hakies.

Die elektrisiteitsrekening is baie hoog. Daar is geen geld vir kos nie. (daarom) (1)

6.5 Vul die hoofletter en die ontbrekende skryfteken in.

sy se die man mors haar geld. (2)

6.6 Skryf 'n vraag neer waarvan die onderstreepte deel die antwoord sal wees.

<u>Mama kaMshana</u> kry swaar in die lewe. (2)

6.7 Skryf die sin in die infinitief.

Die man moet die rekening betaal.
(Die man behoort die rekening ... betaal). (1)

6.8 Skryf die sin in die lydende vorm.

Mama kaMshana sal die elektrisiteitsrekening betaal.
(Die elektrisiteitsrekening ... deur Mama kaMshana ... ...) (2)

6.9 Beantwoord die vraag in die ontkennende vorm.

Lyk die dame vriendelik?
(Nee, die dame lyk ... vriendelik ...) (2)

6.10 Skryf die sin in die teenwoordige tyd.

Gister was die laaste dag om die rekening te betaal.
(Vandag ...) (1)

6.11 Skryf die sin in die ontkennende vorm.

Mama kaMshana beskuldig iemand vir die hoë rekening.
(Mama kaMshana beskuldig ... vir die hoë rekening ...) (2)

6.12 Verander die sin in 'n stelsin.

Sal die dame by die munisipaliteit die geld neem?
(Die dame by die munisipaliteit ...) (1)

6.13 Skryf die sin korrek oor en begin soos aangedui.

By die huis moenie elektrisiteit mors nie.
Begin so: (Moenie ...) (1)

6.14 Skryf die sin in die direkte rede.

Mama kaMshana sê: dat sy baie kwaad is.
(Mama kaMshana sê: ...) (2)

6.15 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies.

Die uitdrukking op Mama kaMshana se gesig dui aan dat sy ...

A kwaad is oor die hoë elektrisiteitsrekening.
B rustig is oor die elektrisiteitsrekening wat sy moet betaal.
C die hoë elektrisiteitsrekening sommer aanvaar.
D geen probleem met die elektrisiteitsrekening het nie. (1)

6.16 Kies die KORREKTE uitroep wat aan die begin van die sin kan staan.

"...! Ek kan nie meer my broer se luiheid aanvaar nie."

A Toe maar
B Ag nee
C Foeitog
D Hoera (1)

**[25]**

**VRAAG 7: REDIGERING**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

In die prentjie hieronder verskyn Thembsie Matu in die Cell C-advertensie.



[Uit: *BONA*, Junie 2009]

- Volg die instruksies en skryf die sin korrek oor.
- Onderstreep die fout(e) wat jy reggemaak het.

7.1 Verbeter die woordordefout.

Thembsie was geskok toe Cell C het haar vir 'n oudisie ingeroep.
(Thembsie was geskok toe Cell C ...) (1)

7.2 Kies die KORREKTE voorsetsel uit dié wat tussen hakies gegee word.

Sy sê sy is baie bly (oor/van) die goeie nuus. (1)

7.3 Maak die spelfout reg.

Na die advertensie het Thembsie <u>onmiddelik</u> beroemd geword. (1)

7.4 Kies die KORREKTE trap van vergelyking uit dié wat tussen hakies gegee word.

In die advertensie moet sy (hardste/harder) as gewoonlik skree. (1)

7.5 Kies die KORREKTE voornaamwoord uit dié wat tussen hakies gegee word.

Sy stuur dikwels sms'e aan (sy/haar) man. (1)

7.6 Voltooi die infinitief.

Thembsie is trots om aan die Cell C-advertensie deel ... neem. (1)

7.7 Kies die KORREKTE woord uit dié wat tussen hakies gegee word.

Sy is die vrou (wat/wie) vir 'n oudisie ingeroep is. (1)

7.8 Kies die KORREKTE woord uit dié wat tussen hakies gegee word.

Sy kan nie (glo/belowe) wat sy hoor nie. (1)

7.9 Kies die KORREKTE woord uit dié wat tussen hakies gegee word.

Sy glimlag, want sy (erken/herken) die spreker se stem. (1)

7.10 Kies die KORREKTE vertaling.

Thembsie says that you can talk for free on weekends.

A Thembsie sê jy kan praat gratis gedurende naweke.
B Thembsie sê dat jy gratis gedurende naweke kan praat.
C Thembsie sê jy moet verniet gedurende naweke praat.
D Thembsie sê praat mahala gedurende naweke. (1)


7.11 Kies die KORREKTE antwoord.

Met Cell C kan 'n mens (vier en twintig/veer en twintig) uur diens kry. (1)
**[11]**

**VRAAG 8: KYK EN KOMMUNIKEER**

Lees die situasie en voer die opdrag uit.

8.1



[Uit: *DISCOVERY Winter*, 2008]

SITUASIE: Mnr. Smit voel die afgelope tyd baie moeg en siek. Hy is baie BEKOMMERD oor sy gesondheid en besluit om dokter toe te gaan. Die verpleegster het hom ondersoek en hom probeer TROOS.

8.1.1 OPDRAG: Wat sê mnr. Smit aan die verpleegster om aan te dui dat hy BEKOMMERD is? Voltooi die sin in ongeveer 5 –10 woorde.

Mnr. Smit: Ek voel ... (1)

8.1.2 OPDRAG: Skryf 'n kort sinnetjie waarin die verpleegster vir mnr. Smit TROOS. Voltooi die sin in ongeveer 5 –10 woorde.

Die verpleegster: Ag, Meneer ... (1)

8.2



[*ISOLEZWE*, 8 Februarie 2010]

SITUASIE: John, Susan, Steve, Mpho en Marie voltooi hierdie jaar matriek. Hulle is BLY en gesels oor hoe DANKBAAR hulle is om mekaar as vriende te hê.

8.2.1 OPDRAG: Wat sê John aan sy maats om sy BLYDSKAP oor te dra? Voltooi die sin in ongeveer 5 –10 woorde.

John: Hoera, ... (1)

8.2.2 OPDRAG: Skryf 'n kort sinnetjie waarin Steve vertel hoe DANKBAAR hy is om sulke maats te hê. Voltooi die sin in ongeveer 5 –10 woorde.

Steve: Ouens, ... (1)

8.2.3 OPDRAG: Skryf 'n kort sinnetjie waarin Susan sê hoe sy haar skooljaar GENIET het. Voltooi die sin in ongeveer 5 –10 woorde.

Susan: My skooljaar ... (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit VIER VRAE.

VRAAG 9 en VRAAG 10: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer
VRAAG 11 en VRAAG 12: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker

Beantwoord EEN vraag uit *KINDERS VAN DIE AARDE.*

**OF**

Beantwoord EEN vraag uit *OM LAASTE TE KAN LAG*.

### *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

### VRAAG 9: *DIE OOREENKOMS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Halfses het hy gevra om ŉ rukkie alleen gelaat te word in sy verdriet.
>
> Eers die aand, nadat dit stil geword het in die Rusoord, ruk die vrees onverwags in hom los: die ooreenkoms! Sê nou ... Om in die lewe ŉ ooreenkoms te maak oor ná die dood, is een ding; om dit skielik enige oomblik te wagte te wees, is ŉ ander ding.
>
> "Willem," pleit hy sommer reguit, "ek dink ons beter die ding maar los. My hart sal nie dié skok nog by die ander skok kan staan nie. Ek het jou nooit gesê nie, ek was my lewe lank maar lugtig vir ŉ spokery ..."
>
> Maar die vrees was soos ŉ adder wat in sy slaap gesteur is. Wat roer die gordyn so, is daar dan wind? Hy hoor dan niks ...
>
> "Los dit, Willem!"
>
> Hy moet die lig laat brand.

9.1 Hoekom was Jakob so bang? (1)

9.2 Rangskik die volgende feite in die KORREKTE volgorde. Skryf slegs die vraagnommer (9.2) en die letters (A – C) in die KORREKTE volgorde neer.

A Nege maande later is Willem in die hospitaal oorlede.
B Jakob en Willem het die ooreenkoms aangegaan.
C Een van die oudste inwoners is begrawe. (3)

9.3 Noem TWEE dinge wat Jakob kon doen om hom te help om nie so bang te wees nie. (2)

9.4 9.4.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Sara was verlief op Jakob. (1)

9.4.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord op VRAAG 9 4.1. (1)

9.5 Kies ŉ stelling uit KOLOM B om by ŉ karakter in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (9.5.1 – 9.5.4) en die letter (A – E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.5.1 | Willem | A | Die persoon is op ŉ jong ouderdom oorlede. |
| 9.5.2 | Jakob | B | Die persoon was jare bedlêend. |
| 9.5.3 | Christina | C | Die persoon het ŉ motor gehad. |
| 9.5.4 | Mart | D | Die persoon het ŉ vingerbord gehad. |
| | | E | Die persoon het gehelp om die oumense te versorg. |

(4 x 1) (4)

9.6 Wat het die twee vriende altyd om halfses gedoen? (1)

9.7 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Willem was ... dae in die hospitaal voor sy dood.

A nege
B drie
C vyf
D ses (1)

9.8 Voltooi: Jakob was so hartseer toe Willem oorlede is dat die verlies van ŉ (9.8.1) ... nie vir hom erger kon wees nie. Hy was so hartseer dat hy nie eers sy (9.8.2) ... wou eet nie. (2)

9.9 Watter werk het Willem gedoen voor hy by Rusoord kom bly het? (1)

9.10 Wie van die twee vriende het die ooreenkoms voorgestel? (1)

9.11 Hoekom het Jakob kort na Willem se dood gedink dat daar ŉ spook in sy kamer is? (1)

9.12 Hoe het Jakob geweet dat daar wel lewe na die dood is? (1)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 10: *DIE RAMP* –TT Cloete**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Ons was in Houtbaai ... Daar het my vrou baie siek geword. Al geneesheer in die omgewing was ’n afgetrede dokter wat net goed genoeg was om haar hand vas te hou, soos my vrou gesê het. Toe sy erger word, het ek teen hoë koste ’n geneesheer uit Kaapstad laat kom.

10.1 Wat was die dokter se diagnose? (1)

10.2 10.2.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? (1)

Die verteller en sy familie het in Houtbaai gebly.

10.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.2.1 met ŉ rede uit die kortverhaal. (1)

10.3 Hoe sou die verteller se vrou op die lughawe gekom het? (1)

10.4 Noem TWEE redes waarom die rit per motor “moeilik” was. (2)

10.5 Kies ’n frase uit KOLOM B om by ’n karakter in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (10.5.1 – 10.5.3) en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 10.5.1 | Petroljoggie | A | het ’n hoë koors begin ontwikkel |
| 10.5.2 | Kleinste kind | B | op Humansdorp |
| 10.5.3 | Verteller | C | moes flink ry deur die nag |
| | | D | het oor die ma gehuil |

(3 x 1) (3)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Toe ek weer ’n motor hoor aankom van Humansdorp se kant af, dink ek daaraan om die oudste seuntjie saam met my te laat staan.
> Later is ek papnat en koud. Ek smeek om hulp. Mense hou dalk stil as hulle die kind sien.

10.6 Waarom het die man en kind langs die pad gestaan? (1)

10.7 Gee ’n bewys uit die kortverhaal dat die man se plan om sy oudste seuntjie by hom in die reën te laat staan, geslaag het. (1)

10.8 Voltooi die volgende paragraaf deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommer (10.8.1 – 10.8.4) neer.

| sleepwa; weier; breek; insleepmotor; vergoed; bedank |
|---|

Uiteindelik is my motor aan die (10.8.1) … gehaak. Die dag wil amper (10.8.2) … Ek wil my weldoener (10.8.3) … Hy (10.8.4) … om iets van my te neem. (4)

10.9 10.9.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Die spreker was indirek daarvoor verantwoordelik dat die weldoener in ŉ motorongeluk dood is. (1)

10.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.9.1 met ŉ rede uit die verhaal. (1)

10.10 Noem EEN karaktereienskap van die weldoener. (1)

10.11 In die kortverhaal leer ons hoe mense mekaar behoort te behandel.

10.11.1 Hoe behoort lewensmaats mekaar te behandel? (1)

10.11.2 Hoe behoort motoriste mekaar te behandel? (1)
**[20]**

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Beker**

**VRAAG 11: *DIE GEHEIM* – J van Melle**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| Julle ken die passasiersbote wat daagliks tussen Rotterdam en Middelburg vaar. Op een van daardie bote het dit begin. Eendag reis daar ŉ Noord-Bewelandse vrou met haar drie kinders van Rotterdam na Kortjeen. |
|---|

11.1 Voltooi die volgende sin deur die woorde uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommer neer.

| Van Rooyen; romantiek; Van Buren; plesier; Dou Snoek |
|---|

Die verteller in hierdie verhaal is (11.1.1) … en hy hou baie van die (11.1.2) … in die lewe. (2)

11.2 Waarom was dit ŉ lang reis vir die vrou? (1)

11.3 Hoe lank het die reis geneem? (1)

11.4 Waarom het die meisie in die see geval? (1)

11.5 Kies die KORREKTE woord uit dié wat tussen hakies gegee word.

Leune se arms was om Dou se nek en sy het haar al hoër uit die water probeer lig. Hierdie reaksie van Leune was 'n teken van (liefde/vrees). (1)

11.6 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag.

> Dou het met niemand oor die gebeurtenis gepraat nie, nie met sy familie in Schouwen nie en later ook nie by sy huis nie.

Gee TWEE redes waarom Dou met niemand oor die gebeurtenis gepraat het nie. (2)

11.7 Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en skryf TWEE woorde elk wat in die verhaal afgelei kan word oor Dou en Leune.

| **DOU** | **LEUNE** |
|---|---|
| | |
| | |

(2 x 2) (4)

11.8 11.8.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Dou en Leune het gou, na hulle ontmoeting by die sendingfees, op mekaar verlief geraak. (1)

11.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 11.8.1 met 'n rede uit die verhaal. (1)

11.9 Hoe het Dou en Leune gereageer nadat Dou sy geheim klaar vertel het? Noem TWEE dinge. (2)

11.10 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Nou los ek haar nie weer nie, dan moet ons maar saam verdrink, maar ek gaan haar nie weer los nie.

Dou se woorde uit die uittreksel hierbo het TWEE positiewe gebeurtenisse laat plaasvind.

11.10.1 Noem die positiewe gebeurtenis nadat Leune in die water geval het. (1)

11.10.2 Noem die positiewe gebeurtenis wat aan die einde van die verhaal plaasgevind het. (1)

11.11 Noem TWEE lesse wat jy by Dou en Leune kan leer. (2)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 12: *LEUENS* – CM van den Heever**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Naomi gaan van winkelvenster na winkelvenster en beskou die pragtige rokke, die elegante modes. Dan kyk sy weer na haar eie rok, al effens afgeslyt van die dra, en die ou wrokkende gedagte kom weer in haar op: waarom kan ander die mooi klere hê en sy moet skaam-skaam op die straat kom met hierdie rok van haar? |

12.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die stad waarin die verhaal afspeel, is …

A Melville.
B Westcliff.
C Vrededorp.
D Johannesburg. (1)

12.2 Op watter dag van die week het Naomi voor die winkelvenster gestaan? (1)

12.3 Wat is die naam van die straat waar Naomi voor die winkelvenster gestaan het? (1)

12.4 Aan wie het Naomi gedink toe sy voor die winkelvenster gestaan het? (1)

12.5 Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en noem EEN verskil tussen Naomi en Olga se kleredrag.

| NAOMI | OLGA |
|---|---|
| | |

(2)

12.6 12.6.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Olga was baie slim op skool. (1)

12.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.6.1 met ’n rede uit die kortverhaal. (1)

12.7 Kies die inligting uit KOLOM B om by ’n karakterverwysing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (12.7.1 – 12.7.4) en die letter (A – E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 12.7.1 | Olga se kinders | A | Vrededorp |
| 12.7.2 | Naomi se kind | B | Melville |
| 12.7.3 | Olga se woonplek | C | speel met tolletjies |
| 12.7.4 | Naomi se woonplek | D | speel met duur speelgoed |
| | | E | Saxonwold |

(4 x 1) (4)

12.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (12.9) en die letter (A – D) neer.

Naomi is ’n …

A hoogmoedige vrou.
B ryk vrou.
C dapper vrou.
D arm vrou. (1)

12.9 Skryf ’n rede neer hoekom Naomi vir Olga uit haar lewe gesluit het. (1)

12.10 Noem TWEE lesse wat jy by Naomi kan leer. (2)

12.11 Naomi besef dat Olga verander het.

Gee TWEE bewyse uit die kortverhaal. (2)

12.12 Sou jy ook aangehou het met leuens indien jy Naomi was? Antwoord JA/NEE en gee TWEE redes. (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou